kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Wat het wie verloor en gevind, of nie?

Skriflesing: Lukas 15:1-10 (1953)

1 EN al die tollenaars en sondaars het die gewoonte gehad
om na Hom te kom en na Hom te luister.
2 En die Fariseërs en die skrifgeleerdes het baie
gemurmureer en gesê: Hierdie man ontvang sondaars en eet
saam met hulle.
3 Toe vertel Hy aan hulle hierdie gelykenis en sê:
4 Watter man onder julle wat honderd skape het en een van
hulle verloor, laat nie die negen-en-negentig in die woestyn
staan en gaan agter die een aan wat verlore is totdat hy dit
kry nie?
5 En as hy dit kry, sit hy dit met blydskap op sy skouers.
6 En as hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure
bymekaar en sê vir hulle: Wees saam met my bly, want ek
het my skaap gekry wat verlore was.
7 Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die
hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor negen-
en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.
8 Of watter vrou wat tien pennings het, as sy een penning
verloor, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek
sorgvuldig totdat sy dit kry nie?
9 En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue
bymekaar en sê: Wees saam met my bly, want ek het die
penning gekry wat ek verloor het.
10 So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van
God oor een sondaar wat hom bekeer.

Broodjies vir die Pad

Ludwig Wittgenstein considered the dynamic between a "system of reference," particularly a "religious belief," and the individual, this way: "It strikes me that a religious belief could only be something like a passionate commitment to a system of reference. Hence, although its belief, it's really a way of living, or a way of assessing life. It's passionately seizing hold of this interpretation. Instruction in a religious faith, therefore, would have to take the form or a portrayal, a description, of that system of reference, while at the same time being an appeal to conscience. And this combination would have to result in the pupil himself, of his own accord, passionately taking hold of the system of reference. It would be as though someone were first to let me see the hopelessness of my situation and then show me the means of rescue until, of my own accord, or not at any rate led to it by my instructor, I ran to it and grasped it." (Culture and Value, p. 64e)

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/08/proper-19-year-c.html

◆◆◆

The point of this familiar slander against Jesus is not simply his lack of discrimination when choosing table companions, but to suggest significant moral failure on his part as someone keeping company with sex workers and corrupt petty officials. While the historian can read the slander in reverse and use it as evidence that Jesus included women and other social outcasts among his followers, the slander is more a marker of social conflict between Jesus and his opponents rather than an index of his personal values and conduct.

Crossan (*Historical Jesus*, 261) asks: "What acts of Jesus begot the charges of gluttony, drunkenness, and keeping very bad company?" In offering a response to his own question, Crossan writes:

> *In the first as in the twentieth century, a person might create a feast for society's outcasts. The could easily be understood even or especially in the honor and shame ideology of Mediterranean society as a benefaction and one of extremely high visibility. No doubt if one did it persistently and exclusively there might be some very negative social repercussions. But, in itself, to invite the outcasts for a special meal is a less socially radical act than to invite everyone found on the streets. It is that "anyone" that negates the very social function of table, namely, to establish a social ranking by what one eats, how one eats, and with whom one eats. It is the random and open commensality of the parable's meal that is its most startling element. One could, in such a situation, have classes, sexes, ranks and grades all mixed up together. The social challenge of such egalitarian commensality is the radical threat of the parable's vision. It is only a story, of course, but it is one that focuses its egalitarian challenge on society's mesocosmic mirror, the table as the place where bodies meet to eat. And the almost predictable counteraccusation to such open commensality is immediate: Jesus is a glutton, a drunkard, and a friend of tax collectors and sinners. He makes, in other words, no appropriate distinctions and discriminations. He has no honor. He has no shame.*

In an unrelated discussion later in his book, Crossan writes further about commensality (shared table) as something that was (and is?) absolutely basic to Christian community. Two excerpts will give something of the flavor of his discussion:

> *Here, I think, is the heart of the original Jesus movement, a shared egalitarianism of spiritual and material resources. I emphasize this as strongly as possible, and I insist that its materiality and spirituality, its facticity and symbolism cannot be separated.* ***The mission we are talking about is not, like Paul's, a dramatic thrust along major trade routes to urban centers hundreds of miles apart. Yet it concerns the longest journey in the Greco-Roman world, maybe in***

any world, the step across the threshold of a peasant stranger's home. *(p. 341)*

I cannot emphasize this too strongly: commensality is not almsgiving; almsgiving is not commensality. Generous almsgiving may even be conscience's last great refuge against the terror of open commensality. (p. 341)

http://gregoryjenks.com

◆◆◆

Klawerjas
Adam Small

Small gee in die titelgedig van die bundel te kenne dat *Klawerjas* 'n uitvloeisel is van 'n bestaanswyse, 'n uiting gee aan die gewaarwording dat hy te midde van soveel armoede en verknegting een van diegene is wat darem nog woorde het "wat aftas teen die mure van ons donker kamers van bestaan, al soekend na die deure, openinge na die lig". Hy voeg sy stem by Van Wyk Louw en verklaar dat hy te midde van onreg nie juis anders kan nie as om te skryf, te praat en te probeer oorreed. Hy dig in dié bundel: "Daar's dié van ons wie nie sonder / poësie kan leef nie. Niemand hoort sonder die ervaring van die ritmiese / golwing en osmose van die fyn-gekose / sin en woord." Maar wat hy vir homself toe-eien gun hy ook ander. Sy poësie is dan juis ook gedigte vir ander, vir gewone mense. Hy skryf: "Daarom is dit vir 'n digter nodig / om telkemale 'n vers publiek / die lig te laat sien, poësie toeganklik / te maak, en mense so te dien – soos / hierdie gedig-vol-dankbaarheid …" Hoewel hy in hierdie bundel in gesprek tree met mededigters, skrywers, filosowe en ander kunstenaars, skryf hy vanuit die oortuiging dat sy gedigte bestem is "vir gewoon-intelligente mense" en dat dit "hoegenaamd nie 'n vertoon van geleerdheid en obskure hoogdrawendheid moet wees nie".

Dit is gedigte wat spreek van deurleefde ervaring, diepe oortuiging en 'n opregte meegevoel met die lot van die veronregtes. Dit is praatverse wat getuig van 'n fyn oor vir die musikaliteit van die alledaagse, die melodie wat spontaan en ongekunsteld opklink as jy die doodgewone in verwondering gade slaan. (ISBN: 9780624065456; Prys (insl. BTW): R 185.00, Tafelberg, 2013)

http://versindaba.co.za/2013/09/13/nuwe-publikasie-klawerjas-adam-small

Brood vir die Pad

Uiterlike en innerlike geraas kort aandag

Wilhelm Jordaan

Ek lees Maandag in Beeld Duitse politieke partye maak van geraas 'n strydpunt in die komende algemene verkiesing. Streng wetgewing word voorgestel en een party sê daar móét stilte ("Nachtruhe") tussen 22:00 en 06:00 wees.

Maar wat is stilte nou eintlik? En geraas? Ambrose Bierce (1842-1914) se sinisme oor geraas in The Devil's Dictionary is vermaaklik, maar help nie baie nie: " 'n Stank in die ore; musiek wat nog nie mak gemaak is nie . . ."

Is dit geraas as mooi Maria (Sharapova) se gille meer as 106 op 'n desibelmeter by Wimbledon registreer? Dit is omtrent die geraasvlak van 'n kosmenger in die kombuis.

Hoe erg dít is, blyk uit Amerikaanse wetgewing oor beroepsveiligheid en -gesondheid. Werkers mag byvoorbeeld nie langer as 'n uur per dag ononderbroke onderwerp word aan geluide bo 105 desibel nie.

Desibel is metings op 'n eksponensiële skaal wat strek van 0 (absolute stilte) tot 130, waar die mens se pyndrumpel oorskry word, soos in die nabye teenwoordigheid van hewige artillerievuur. Elke toename van 3 desibel verteenwoordig 'n verdubbeling in klankintensiteit van die vorige vlak af.

Harde rockmusiek met klankversterking registreer 120 desibel, 'n elektriese saag 100, 'n normale gesprek 60, jou asemhaling in 'n stil biblioteek 30, 'n klankdigte kamer 10 en die geritsel van blare 6.

Wat ook al die telling op 'n desibelmeter, weet 'n mens geraas is 'n subjektiewe saak – soos dit byvoorbeeld geld by jonger mense en ouer mense se opvattings oor musiek en byklanke in die kerk.

Kerkgeboue word ontwerp of aangepas om 'n "liturgiese ruimte" te skep wat 'n orrel, klawerbord, tromme, 'n reusagtige projeksieskerm en ander elektroniese apparate huisves. Dan lawaai die jonges, veral op Sondagaande.

Daaroor brom sommige oueres: "Ja, nou dien ons die Here met luidrugtige blydskap en verblindende PowerPoint; met 'n band se kedoef-kedoef-kedoef. Waar's die gewydheid, die heilige stilte?"

Hoe dit ook al sy, die behoefte aan 'n "stiller Duitsland" geld eintlik oral. Want geraas ontwrig én hou 'n gesondheidsrisiko in: Onverwagte en voortdurende geraas laat die bloeddruk styg, verhoog vatbaarheid vir beroerte en lei tot gehoorverlies.

Al dié dinge kom van buite en kan in 'n mate wetlik beheer word. Daar is egter 'n ander, gevaarliker "geraas" – 'n innerlike kakofonie van die gees wat uit selfbeheptheid kom en meebring dat jy net jouself hoor. Geen wet verbied dít nie.

Hoe doof mens jouself 'n bietjie uit? Miskien soos Pablo Neruda dit beskryf in die gedig "Om stil te bly":

"Nou tel ons almal tot twaalf / en almal bly stil / praat in geen taal nie: / Die eksotiese oomblik / sonder haas, sonder enjins / almal opeens saamgevoeg in iets ongekends . . ."

http://www.beeld.com/opinie/2013-09-10-rubriek-uiterlike-en-innerlike-geraas-kort-aandag

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877